

Hersiene Junior Sekondêre kurrikulum (2017 - 2022)

Afrikaans Tweede Taal

Voorgeskrewe gedigte vir Graad 9

Uit: **Woordreise** Saamgestel deur Adinda Vermaak e. a.

Graad 9 (8 gedigte) Voorgeskrewe gedigte

Bl.	Gedig	Digter
16	Waar ruwe rotse	C.M. Van den Heever
22	Legende van die watersoekers	George Weideman
66	Begin Somer	Ingrid Jonker
99	Besoeker	Ernst van Heerden
104	Die strandjutwolf	N.P. van Wyk Louw
143	Ek is oek important	Peter Snyders
176	Maria	Elisabeth Eybers
184	Bicycle sonder slot	Koos Kombuis

SPEEL

Twee fokusse:

Sluit aan by die kind se wêreld.

Stimuleer die kind om iets uit sy wêreld/ leefwêreld te haal wat by die gedigwêreld aansluit. Dit help die leerder om deur sy eie ervaringswêreld die gedig oop te sluit. As die kind die ooreenkomste tussen sy wêreld en die gedigteks ontdek, maak dit die gedig meer verstaanbaar. Dit dra verder by om gedigte genietlik te maak.

Gebruik iets konkreet en die sintuie om kontak te maak met die gedigwêreld.

Gebruik metodes om die kind met homself/haarself te laat kontak maak.

p. 16 “Waar ruwe rotse” deur C.M. van den Heever

Tuiswerk vooraf:

Elke leerder moet sy/ haar aantekeningboek bring.

Elke leerder moet 'n klip klas toe bring.

Klippe

Bring 'n paar klippe klas toe/ of elke leerder moet sy eie klip hê wat hy klas toe gebring het.

[Stuur dit om in die klas] Die beste sal wees as elke leerder sy/ haar eie klip het.

Die leerders gebruik die vyf sintuie om die klip te ondersoek: sien, hoor, smaak, voel, ruik. Skryf notas in jou aantekeningboek oor wat jy ervaar en waarneem as jy die klip met elke sintuig ondersoek.

Vra vroe soos: Wie hou nogal van klippe? Hoekom? Wie tel graag klippe op? Wie kyk graag na die verskillende vorme van klippe?

Waar in die natuur speel klippe 'n belangrike rol?

Belangrike vraag: Wat is die verskil tussen kleiner klippies en groot klippe? Wat noem ons groot klippe – so groot soos 'n kamer of 'n huis? (ROTSE)

Kan hoë berge bestaan sonder klippe? Watter rol speel klippe by hoë berge?
Wat noem ons die groot klippe wat ons dikwels in hoë berge kry? (ROTSE)

Soek foto's van:

regaf kranse
diep skeure in berge
hoë berge
bergklimmer

Wys hierdie foto's vir die leerders.

GROEPBESPREKINGSVRAAG:

1. Hoe laat die berge, kranse en skeure jou voel?
2. Was jy al op 'n hoë berg of baie hoë gebou? Vertel vir die groep daarvan en hoe jy gevoel het.
3. Wie het al berggeklim? Vertel daarvan.
4. Wie het al in die berge gaan jag? Vertel.
5. Wie het al saam met sy/haar pa gaan jag? Vertel.
6. Watter gevare is daar as jy bergklim?

[Soek na onheilspellende musiek. Speel dit. Laat leerders sê wat hulle ervaar.]

Waar Ruwe Rotse deur C.M. van den Heever

- 1) 1. Waar ruwe rotse teen die hemel klim,
2. waar morerooi se eerste traanglans glim,
- 2) 3. waar aasvoëls hoog in sirkelbane sweef,
4. hul rou gekras in afgronde laat leef;
- 3) 5. waar grou-wit kranse na die klowe val,
6. gekeep-hou tot spelonke bo 'n dal;
- 4) 7. waar oopgeskeurde klippekake wag
8. met draketande wat daar grynsend lag -
- 5) 9. daar knal opeens gewerskoot bo die kruin
10. en eggo's antwoord hard met skelbasuin.
- 6) 11. Die dassies wip verskrik oor gladde kranse,

12. patryse saai vlerktrillend uit hul skans.
- 7) 13. Skuins glip 'n voet en drillend val 'n roer...
14. 'n skerp geskuur - 'n pad wat afwaarts voer.
- 8) 15. Twee hande gryp 'n bos, die angs oorstelp,
16. benoud klink uit die diepte: "Here, help!"
- 9) 17. Twee vader-oë kyk verward...sy seun,
18. die afgrond lag oor wilde skuurgedreun.
- 10) 19. Die kruit en stof vlek oor die lug se blou,
20. die vader bly sy hand oor sy oë hou.
- 11) 21. En dan gewaar hy in die skemering
22. sy kind, deur rotseskouers vasgedring.
- 12) 23. 'n Riem rol na die seun daaronder neer,
24. "Bind vas, my kind...en Pa die sal probeer."
- 13) 25. Maar dis vergeefs...die kransedraak hou vas,
26. die riem bly stukkend breek, kry las op las.
- 14) 27. En hulp snel by...die rotsetande gryns,
28. hier moet die mensverstand terug voor deins.
- 15) 29. Dan klaag daar uit die diepte, sag en flou:
30. "Ek smeek dat Pa my skiet...en nou..."
- 16) 31. 'n Roer die bewe in die growwe hand,
32. sag sif in skemerafgrond korrels sand.
- 17) 33. Vas lê die kolf teen vaderskouer aan,
34. en langs die sneller glans 'n afloop-traan.
- 18) 35. "Vergeef my, God!"...'n skoot gedemp en dof...
36. en bo die bergegraf styg kruit en stof.
- 19) 37. Nog skuur iets rog'lend in die diepte daar,
38. dis stil...die aasvoëls kras...'n vader staar.

BELANGRIKE OPMERKINGS:

In hierdie gedig word met min woorde intense en baie diep emosie gekommunikeer. Die gedig kan leerders help om te verstaan dat die kies van die enkele (min) regte en seggende woorde BAIE emosie kan kommunikeer. Dis belangrik in enige opstel en dikwels in iets soos 'n dagboekinskrywing. As jy 'n verhalende opstel skryf, kry jy goeie punte as jy min woorde gebruik om die drama wat afspeel te teken. Leerders kan gerus die dramatiese vertelwyse in verhalende opstelle gebruik.

Dit sou dus belangrik wees om die leerders sensitief te maak vir die woorde in die gedig wat emosie en die dramatiese kommunikeer.

Kyk na woorde soos:

"traanglans" - metafoor

"rotseskouers" - metafoor/personifikasie

"vaderskouers" - verskil. Hoe sou die gedig verskil as dit net "skouers" was?

Herhaalde gebruik van die woord "Pa" wat die verhouding suggereer

"kransedraak" - metafoor.

"rotsetande gryns" metafoor en personifikasie wat die gevaar duidelik suggereer.

SKRYFOPDRAGTE:

'n Mens sou dus die leerders 'n opdrag kon gee om die storie as opstel of koerantberig te skryf. Dit help tweedetaalleerders, want hulle het reeds 'n klompie woordeskat deur die gedig bemeester en kry nou die voorreg om dit self te gebruik en aan te vul deur hulle eie woordeskat. Hulle moet ook 'n spesifieke teks (gedig) in 'n ander vorm aanbied (prosa- verhaal) - en dit stem ooreen met van die vrae in die vraestel.



<http://t1.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcQN6TMHIPUY6D0Qoj4UPPaINunax9EUr6oy2I03UZ10LUFIS0GxQsFCMpLZ>

FOKUS:

Wanneer ons gedigte ontleed - eintlik bloot fyn lees - leer ons in der waarheid die leerders om sensitief te raak vir die gebruik van **woorde en leestekens**. Hierdie vaardigheid en sensitiwiteit is veronderstel om weer oorgedra te word in die leerders se eie skryfwerk.

Gedigte (en enige letterkundige tekste) is goeie tekste wat die vaardigheid wat die leerders algaande behoort te ontwikkel, self demonstreer. Daar behoort dus telkens 'n oorgang/ opvolg van **tekste lees** na **skryf** te wees. Dan is ons besig met die kardinale kwessie van die Namibiese kurrikulum, naamlik integrasie.

WOORDESKAT:

Die woordeskat oefening kan maklik deur middel van groepwerk gedoen word. Gee aan elke groep ewe veel woorde. Hulle moet die betekenis bepaal en dan terugvoer gee. Woordeskat vorm 'n baie groot deel van die onderrig van tweedetaalleerders. Dit bou vaardigheid. Woordeskat word altyd met behulp van 'n teks aangeleer. Dit benodig 'n konteks. Die gebruik van tekste en konteks vorm 'n belangrike onderdeel van integrasie.

1. ruwe -
2. traanglans -
3. glim -
4. sirkelbane -
5. aasvoëls -
6. spelonke -
7. gekeep -
8. dal -
9. kake -
10. draak (drake) -
11. grynsend -
12. kruin -
13. skel -
14. basuin -
15. vlerktrillend -
16. skans -
17. drillend -
18. roer -
19. oorstelp -
20. verward -
21. gewaar -
22. riem -
23. vergeefs -
24. kranse -
25. gryns -
26. terugdeins -
27. sneller -
28. berggraf -
29. rog'lend -
30. staar -

KLASVRAE:

1. Wat is die titel van die gedig?
2. Wat beteken die woord "titel"?
3. Hoekom is dit belangrik in 'n gedig?
4. Hoeveel strofes het die gedig?
5. Hoe sou jy die woord "strofes" verduidelik?
6. Hoekom is daar strofes in 'n gedig?
7. Hoeveel reëls is daar in die gedig?
8. Hoe sou jy die woord reëls verduidelik?
9. Waarom skryf die digter nie die hele reël vol soos by prosa nie?
10. Is elke reël 'n sin?
11. Is elke strofe 'n sin?
12. Hoeveel sinne is daar in die gedig? Hoe weet jy dit?
13. Wat noem ons dit wanneer een versreël oorgaan in 'n volgende versreël sonder enige leesteken aan die einde van die eerste versreël?
14. Hoekom gebruik digters die tegniek? Wat gebeur dus in die gedig as meer as een reël deel van 'n sin vorm sonder dat daar aan die einde van versreëls leestekens is?
- 15.

ONTSLUITINGSVRAE:

Opmerking: Dis 'n baie ryk gedig wat op 'n groot verskeidenheid maniere in die onderrig gebruik kan word. Hierdie gedig (soos ook baie ander gedigte) leen hom daartoe om die gebruik van leestekens en die funksie daarvan te onderrig.

1. Herhaling speel 'n baie belangrike rol in die titel.
 - 1.1 Watter woord uit die titel word die meeste in die gedig herhaal?
 - 1.2 Wat beteken die woord?
 - 1.3 Wat dui die woord veral in die gedig aan (woordsoortlike funksie)?
 - 1.4 Wys al die plekke uit waar die woord herhaal word en sê wat jy dink die funksie daarvan is.
 - 1.5 'n Ander belangrike herhaling in die gedig is die halfrym wat voorkom. In hierdie geval is dit veral alliterasie. Wys die alliterasie uit en dui ook die funksie daarvan in die gedig aan.
2.
 - 2.1 Watter tyd van die dag is dit in die begin van die gedig?
 - 2.2 Bewys die tyd van die dag deur 'n frase uit die gedig aan te haal.
3. In reël 1 kom daar personifikasie.
 - 3.1 Verduidelik die personifikasie.
4. Die eerste strofe het baie halfrym (klanke - konsonante of vokale wat

herhaal).

4.1 Watter klanke kom baie voor.

4.2 Hoe dink jy dra die klanke se herhaling by tot die betekenis en bedoeling van die strofe? (Wat is dus die funksie daarvan?)

5. Hoekom is die woord "klim" (reë 1) 'n goeie woord om hier te gebruik?
6. Waarom is die woord "traanglans" belangrik?
7. Hoe word die woord "traanglans" op 'n besondere manier in die gedig beklemtoon?
8. Verduidelik die betekenis van die aasvoëls wat in sirkelbane vlieg.
9. Hoekom word die aasvoëls se gekras (geluide) beskryf as rou en word dit verder met afgronde verbind?
10. Waarom word die woord "spelonke" in reël 6 gebruik?
11. Verduidelik die metafoor in reël 7.
12. Verduidelik die metafoor in reël 8.
13. Watter prentjie skep die strofe 4 by jou?
14. Strofes 1 - 6 skep spanning en afgagting. Verduidelik hoe dit gebeur.
15. Watter diere in strofe 6 waarsku ons met hulle reaksies. Verduidelik.
16. Tussen strofes 6 en 7 is daar 'n wending of verandering. Verduidelik.
17. *In hierdie gedig word dikwels op subtiele maniere dinge gebruik om eintlik te vertel wat met mense gebeur. Deur nie te sê nie, maar subtiel iets anders te gebruik en te suggereer, beklemtoon ons die gebeure deur onderbeklemtoning. (Kyk of jy dit kan uitwerk!) Dis 'n baie goeie tegniek in die skryfkuns - ook vir jou om in jou storie-opstelle te gebruik. Ons praat daarvan as "objective correlative" (objektiewe korrelaat). Ons gebruik 'n ander (objektief/onbetrokke) saak/ding om na 'n anders saak/persoon te verwys. Wat werklik gebeur word dus subtiel gesuggereer en nie direk gesê nie/*
- 17.1 'n Voorbeeld hiervan kry ons in reël 13. Verduidelik wat jy raaksien.
- 17.2 In reël 13 kry ons ook die eerste keer 'n beletselteken/ellips.
Verduidelik watter leesteken dit is.
- 17.3 Wat doen (is die funksie van) die beletselteken daar? Bespreek die betekenis.
18. Strofes 1 - 5 vorm een lang sin. In strofes 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14 vorm elke strofe 'n aparte sin. As jy na die inhoud kyk, hoekom is dit so?
19. In strofe 8 word vir die eerste keer direkte rede gebruik.
- 19.1 Wat is direkte rede?
- 19.2 Wys die direkte rede in die strofe uit.
- 19.3 Waarom dink jy word die direkte rede hier gebruik?
- 19.4 Wie se twee hande gryp na die bos in reël 15?
20. Hoe word daar 'n parallel/verband tussen strofes 8 en 9 geskep?
Verduidelik.
21. Verduidelik die personifikasie in reël 18 en waarom dit gepas is.

- 22.1 Wat beteken die woord "vlek" in reël 19?
- 22.2 Watter dieper betekenis (figuurlike) het ons aan "vlek"?
- 22.3 Waarom is die woord "vlek" baie seggend in reël 19?
- 23. Gee soveel as moontlik redes waarom die vader volgens reël 20 sy hand oor sy oë hou.
- 24.1 Verduidelik die metafoor/personifikasie, "rotseskouers", in reël 22.
- 24.2 Watter persoon word eintlik met die metafoor gesuggereer?
- 25. Watter planne maak die pa om die seun uit die rotsskeur te kry?
- 26. Gee redes waarom die pa se planne nie werk nie.
- 27.1 Verduidelik die metafoor "kransedraak".
- 27.2 Hoekom dink jy dit is 'n baie gepaste metafoor.
- 28.1. Verduidelik die metafoor/personifikasie in reël 27.
- 28.2 "Hulp" is hier eintlik baie ironies - dit beteken die helpery is teenoorgesteld van dit wat ons sou verwag. Hoekom?/Verduidelik.
- 29. Waarvoor "deins die menseverstand" terug?
- 30. In strofe 15 kom daar 'n wending of ander koers. Wat is die wending?
- 31. Hoekom is die klaag uit die dieptes spesifiek "sag en flou"?
- 32.1 Hoekom "bewe" die roer in die growwe hand? [reël 31]
- 32.2 Waarom is die hand spesifiek "grof"?
- 33. In reël 32 is daar alliterasie wat aansluit by die eufemisme.
- 33.1 Skryf die reël oor en onderstreep die allitererende konsonant.
- 33.2 Verduidelik nou die eufemisme wat jy hier kry.
- 34.1 Waarop gaan die pa skiet?
- 34.2 Hoekom lê die kolf juis "vas" teen die vaderskouer? [reël 33]
- 34.3 Waarna verwys die "afloop-traan"? [reël 34]
- 35.1 Waarom moet God die pa vergewe?
- 35.2 Hoe dink jy voel die pa? Gee bewyse uit die gedig.
- 36. Waarom word daar van 'n "bergegraf" gepraat? [reël 33]
- 37. Verduidelik die slotstrofe. [reëls 37, 38]
- 38. Verduidelik die gebruik van die beletseltokens in reël 38.

p. 22 “Legende van die watersoekers” deur George Weideman

Vooraf:

- ❖ Leerders moet elkeen ’n skryfboek vir gedigte hê.
- ❖ Aantekeninge word in die boek geplak.
- ❖ Vrae word hierin geplak.
- ❖ Antwoorde word hierin geskryf.
- ❖ **Leerders maak aantekeninge terwyl hulle kyk en luister.**
- ❖ Leerders skryf woordeskat/ vreemde woorde neer.

[Jy kan dit uitdeel as jy wil]

Vooraf tuiswerk:

*Elke leerder bring ’n botteltjie water skool toe.

*Elke leerder bring ’n prent van water./ Stel tydskrifte in die klas beskikbaar en elkeen soek ’n prent van water.

*Vyf seuns kry die volgende opdragte: Vier moet in die eerste lesuur praat. Die boer praat eers in die tweede lesuur waarin die gedig behandel word.

[Die seuns kan self kies wie die volgende wil doen. Dit tel as voorbereide mondeling.]

1. **Jy is ’n toordokter.** Trek aan soos ’n toordokter. Kry dolosse en bring dit klas toe. Verduidelik aan die klas wat toordokters doen. Verduidelik die gebruik van dolosse in die taak van die toordokter. Demonstreer hoe die toordokter die dolosse gooi en gebruik.
2. **Jy is ’n waterwyser.** Trek aan soos ’n waterwyser en bring die mikstok saam. Verduidelik volledig aan die klas wat ’n waterwyser doen en hoe hy te werk gaan. Demonstreer die proses vir die klas.
3. **Jy is ’n geoloog.** Trek soos ’n geoloog aan. Bring van die instrumente saam of prente van die instrumente. Verduidelik vir die klas wat ’n geoloog doen.
4. **Jy is ’n boorman.** Trek soos ’n boorman aan. Bring foto’s van die verskillende soorte boormasjiene wat ’n mens kry. Verduidelik hoe die boormasjiene werk en wat die boorman doen.
5. **Jy is ’n boer.** Trek soos ’n boer aan. Verduidelik aan die klas hoe belangrik water vir die boerdery is. Gee maniere waarop die boer water in die hande kry. Verduidelik hoe elkeen werk. [Hierdie mondeling word aan die begin van die tweede lesuur gedoen. Voor die mondeling]

Elke leerder moet deeglik navorsing doen oor sy onderwerp en die klas so breedvoerig as moontlik inlig. Maak dit so prakties en visueel as moontlik. Gebruik hulpmiddels en prente vir jou mondeling.

Drie meisies gaan soek elkeen na ’n voorbeeld van ’n legende. Hulle kom vertel elkeen die legende vir die klas en bring prente en demonstrasiemateriaal saam. Elke leer

Hulpmiddels:

Inleidend:

Laat leerders hulle oë toemaak.

STILTE-OEFENING:/ Gebruik jou sintuie

- Maak toe jou oë.
- Luister baie fyn

- Speel selfooninsetsel oor branders
- Geluid van water wat loop
- Bakkie met water – voel
- Ruik aan jou water (of see) / (skulp)

Derived from the Greek noun δόλος (*dolos*), which literally means "bait" and has a figurative meaning of "deceit, guile, treachery, trickery". The word is ultimately derived from the Greek verb δολόω (*doloō*) meaning "to beguile, to ensnare" as well as "to corrupt, to adulterate". A closely related Greek verb is δολιόω (*dolioō*) meaning "to lure, to deceive, to use deceit"

<http://whittaltree.blogspot.com/2011/02/dolosse-ossewaens-and-my-brother-les.html> [Besoek op 4 Junie 2016],

SUNDAY 27 FEBRUARY 2011

Dolosse, Ossewaens and My Brother Les

My Grandpa and his "Dolosse".

Do you know what a "Dolos" is? It is the knee bone of an animal and they were toys for boys who played with them from time immortal. They were his cattle, sheep, pigs and horses. I had quite a collection of them helped by my Grandpa and he would enjoy watching me playing with them. He named all my oxen and laughed at my pronunciation of the Dutch names. One day while I was playing I asked him "Grandpa, do you also have dolos bones in you?" "Yes I have" he said. So I asked him if I could have them when he died and he said "Yes of course you can". "Promise Grandpa"? "I promise my boy"!!! I wonder if my grandsons would like my 'Dolosse' when I die one day! I know that Harvey wants my Bakkie!!!



Die Ossewa.

During 1938 there was a great celebration in South Africa to commemorate the Great Trek of 1838 when thousands of Afrikaans speaking South Africans decided to leave the Cape, which was under British Rule. My sisters, being in an Afrikaans school near Mirage, were taught songs for the occasion and they, in turn, taught me. So we sang these songs with pride and joy, just as the little Dutchmen did. "Kom sing met my 'n Burgerlied wat aan my hart sal raak". But the one which would remain in this little "Rooinek's" heart was "Die Ossewa".



"Die Rooispan Afrikaners trek so pragtig, stap so stadig aan met die ou ossewa. Die roepstem kom tot ons so luid en kragtig, trek saam met die ou ossewa". Something in those words have remained with me always and later in life I realised just how much I despised the British cruelty during the Boer War which caused so much disharmony.



Hierdie sementblokke word ook dolosse genoem. Dit word gebruik om walle in die see te gooi om die see terug te stoot.



<http://t2.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcStyNTqKV3Iy18w8YmAmpcB7UwgxeHsWVacr3o9pFKFO71XnemRSqeO7II>



<http://t1.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcQTHa4-obXPYtFeU1kUUT2A1SnM4PZJf7p24ySdkepY61q9dIBVBzQ3tiro>



<http://t1.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcSYYwQvRarXmzSJIT-mNpgjUgoy-2satnZC90tvGKwldqHu6YISMLnQcQ>



<http://aow.kuleuven.be/geologie/toekomstigestudenten/algemeen/>

5 Junie 2016

Hier is die geoloog aan die werk. Hulle gebruik tegnologie en berekeninge om die water aan te wys.



http://t1.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcTjogry2Gov39Ob4BWMk-UVPvWoCINo7bC7cs_Mp77aIZ58-kD8oILfd5A

5 Junie 2016

Die oom wys met 'n mikstok water.



http://t0.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcSCdN_hGBPaoohw_4A0l90GH7xPvFdC99OnxS7DAhoBfSd-3m1NnHn-zM8

Wat gebeur in die prent?



http://t1.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcQxlrJsxs16wshlZ_H62PEgL7VHfNo4w3Q8Mg79buznXHDNqZBM-BeNmlg

5 Junie 2016

Die vreugde van water deur jou hande.

http://thumbnails-visually.netdna-ssl.com/finding-water_52f4f1220481a_w1500.jpg



https://spinoff.nasa.gov/Spinoff2015/Images/ps_2A_opt.jpg

Hier word geboor vir water en daar is groot blydskap as die water gevind word. Hoe weet jy dit?

Was jy al by as daar vir water geboor word? Wat het julle alles gesien?



<http://rrtraders.com/Crafts/wichdr1.jpg>



<http://www.south-africa-tours-and-travel.com/images/witch-doctor-throwing-his-bones-historyofsouthafrica.jpg>

Gespreksvrae:

1. Wat is 'n legende?
2. Is die *Legende van die watersoekers* 'n bekende legende?
3. Vertel van 'n legende wat julle ken.
4. Wat is 'n watersoeker?
5. Hoekom soek mense water?
6. Voer 'n groepsbespreking oor die volgende drie vrae:
 - i) Waarom het mense water nodig? / Waarvoor gebruik 'n mens alles water?
 - ii) Hoe lank kan 'n mens sonder water leef?
 - iii) Vertel 'n waterstorie/insident uit jou lewe. [Enige gebeurtenis waarin water 'n baie belangrike rol gespeel het.]
7. Bespreek die volgende stelling: ***Die Derde Wêreldoorlog sal oor water gaan.***

Nog vrae oor woordeskat:

8. Verduidelik die volgende woorde:

[Verdeel die woorde gelykop tussen die groepe in die klas. In elke groep word die woorde bespreek en ook gelykop tussen die leerders verdeel. Die leerder wat sy woord die interessantste en op die kreatiefste manier aanbied en verduidelik, kry 'n prys. Dit kan 'n tuiswerkopdrag wees. Onvoorbereide mondelingspunte kan toegeken word.]

1. dolosse 2. melkbosse 3. mikstok 4. swartstruik 5. witrif 6. belowend 7. beterweterig 8. verkyker 9. kompas 10. apparaat 11. geoloog 12. kopknik 13. sluis 14. knipoog 15. pen 16. boorman 17. verskoning 18. kopgeskud 19. agterblewe 20. Verlate 21. Verbleek 22. rooидуinsand 23. stompies gras 24. gekniel 25. klam 26. velbroek

[Oor die woordeskat moet die leerders aantekeninge in hulle skryfboek. Dis belangrik dat hulle aktief deelneem en skryf en aantekening stimuleer deelname.]

Ontsluitingsvrae vir skryf:

Beantwoord die volgende vrae skriftelik. Dit kan ook in 'n groep in die klas gedoen word.

1. Watter drie persone in die gedig soek water wys waar om dit te kry?
2. Watter verskillende instrumente en metodes gebruik elkeen om die water te kry?
3. Waar is die water waarna hulle soek veronderstel om te wees? [Hierdie antwoord is baie maklik as jy net baie logies dink. Die antwoord is vir al drie dieselfde.]
4. Wie is die *boorman*?
5. Hoeveel gate boor die boorman?
6. Wie het die plekke om te boor aangewys?
7. Hoe suksesvol was die waterwysers en die boorman?
8. Uit watter woorde lei jy die sukses van die boorman af?
9. Verduidelik wat in die slotstrofe van die gedig gebeur.
10. Watter kontras is daar tussen die slotstrofe en die res van die gedig?
11. Wat probeer die gedig vir ons sê?

Meer tegniese vrae oor die gedig:

1. Wat is die rymskema van die gedig?
2. Wat noem ons die soort rym?
3. Hoekom gebruik die digter die rym?
4. Halfrym staan bekend as assonansie en alliterasie.
 4. (a) Verduidelik wat assonansie is.
 4. (b) Gee voorbeelde daarvan in die gedig.
 4. (c) Watter woorde word hierdeur beklemtoon?
 4. (d) Hoekom is die woorde belangrik in die gedig
 4. (e) Verduidelik wat alliterasie is.
 4. (f) Gee voorbeelde daarvan in die gedig.
 4. (g) Watter woorde word hierdeur beklemtoon?
 4. (h) Hoekom is die woorde belangrik in die gedig

Toetsvrae:

1. Skryf aantekeninge oor die woorde:
koppig, kopknik, kopgeskud

Sê wat elkeen beteken en watter rol dit in die gedig speel.

2. Watter enkele woord wat kenmerkend van die vertel van 'n legende is, kry ons in die gedig?

3. Vertel die storie van die gedig.

p. 66 “Begin somer” deur Ingrid Jonker



https://files.wordpress.com/mommymagic6/2015/10/wp-id-img_20151019_211930.jpg?w=640



<https://kreatiewekosidees.files.wordpress.com/2013/07/kwepers-bron-onbekend.jpg>



<http://suntrees.co.za/wp-content/uploads/2016/04/Cydonia-oblonga-flesh.jpg>



<https://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/4/4f/Balao.png>



<https://boerinballingskap.files.wordpress.com/2012/09/p8192869.jpg?w=450&h=340>




http://t1.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcR5B_CbZ8HLAYrzjpAANdxBiZHPn9_EzSubqbef7kemoQZVcf9mwi1fQ



http://t3.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcTyoVFAVQL1X4fm5zPPQNTwpWl-ye-Oxk-T7AC2ld7LQPv06PWhBauv_bxH



http://t3.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcQM3KNoEw1JBK2TgVvlyurh32Qy0SjLh6b_xUS-AdAA-SpA56kLNx12Tw



<https://api.travelground.com/img/625x440/crop/1b787c7b5bd4d7b07099af78c81df010324f5ee1402606060105.jpg>



Download from
Dreamstime.com

This watermarked comp image is for previewing purposes only.

ID 69146732

Madhouse | Dreamstime.com

<http://thumbs.dreamstime.com/z/pretty-girls-four-years-playing-sand-child-sea-beach-bucket-69146732.jpg>



<http://t2.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcRkOrJs16Ku02nE6WibXW45tfvKoVxxtSIoR1X44ZApAbt9KAPugOOJ9R4>



<http://t1.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcQj3yq6Xu1Wt51ToMjrp5AF8EXGDBc1ozt-3DmysGFouxeWRQRL0Z4Br20><http://t1.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcQj3yq6Xu1Wt51ToMjrp5AF8EXGDBc1ozt-3DmysGFouxeWRQRL0Z4Br20>




u17317681 fotosearch.com ©



<http://t0.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcT5gdeOAzuBhk2Cp3hfvUJfyblkcEISW0OrubHqMN1R8qOZuvr71AoYq-6S>



<http://www.mieliestronk.com/animsnork.gif>



<http://static.lexicoon.org/800/uvula.jpg>

'Ukulele Sizes



Soprano



Pineapple



Concert



Tenor



Baritone

<http://liveukulele.com/wp-content/uploads/ukulelesizes.jpg>

Begin somer

(vir Simoné)

Begin somer en die see
'n oopgebreekte kweper
die lug soos 'n kind
se ballon
ver bo die water
Onder die sambrele
soos gestreepte lekkergoed
miere van mense
en die gul lag van die baai
het goue tande

Kind met die geel emmertjie
en die vergete vlegsels
jou mond is sekerlik 'n klokkie
kleintongetjie klepeltjie
Jy bespeel die son daglank
soos 'n ukelele

Woorde en Musiek: Ingrid Jonker/ Laurika Rauch

Begin somer

(vir Simoné)

1. Begin somer en die see
2. 'n oopgebreekte kweper
3. die lug soos 'n kind
4. se ballon
5. ver bo die water
6. Onder die sambrele
7. soos gestreepte lekkergoed
8. miere van mense
9. en die gul lag van die baai
10. het goue tande

11. Kind met die geel emmertjie
12. en die vergete vlegsels
13. jou mond is sekerlik 'n klokkie
14. kleintongetjie klepeltjie
15. Jy bespeel die son daglank
16. soos 'n ukelele

Woorde en Musiek: Ingrid Jonker/
Laurika Rauch




u17317681 fotosearch.com ©

Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat beteken die titel van die gedig letterlik?
2. Wat assosieer jy alles met die somer en die see?
3. Wat beteken die naam onder die titel?
4. Wie dink jy is Simoné? Motiveer jou antwoord uit die gedig.
5. Benoem en verduidelik die beeldspraak in r. 1-2.
6. Benoem en verduidelik die beeldspraak in r. 3-5.
7. Benoem en verduidelik die beeldspraak in r. 6-7.
8. Benoem en verduidelik die beeldspraak in r. 8.
9. Benoem en verduidelik die beeldspraak in r. 9-10.
10. Beskryf die kind soos ons haar leer ken in r. 11-16?

11. Hoe weet jy die kind is 'n dogtertjie? Gee twee redes uit die gedig.
12. Hierdie gedig is 'n vrye vers. Wat word daarmee bedoel?
13. Skryf die rymskema van die gedig neer.
14. Wat word onder halfrym verstaan?
15. Bespreek die halfrym van die gedig. Dui die funksies aan.
16. Lewer kommentaar op die leestekengebruik in die gedig.
17. Dui die verkleiningsvorme in die gedig aan. Wat is die funksie daarvan?
18. Waarom dink jy word daar van "n vergete vlegsels" gepraat?
19. Benoem en verduidelik die beeldspraak in r. 13-14.
20. Benoem en verduidelik die beeldspraak in r. 15-16.
21. Sê in een sin waarom die eerste strofe veral gaan.
22. Sê in een sin waarom die tweede strofe veral gaan.
23. Lewer kommentaar op die hegtheid en die bindingsmiddele in die gedig.
24. Wie word in die slotstrofe aangespreek en wat word die soort gedig/strofe genoem?
25. Wys al die werkwoorde in die gedig uit. Lewer kommentaar daarop.
26. Wat dink jy van die gedig. Motiveer jou antwoord deeglik vanuit die gedig.



Antwoorde:

Beantwoord die volgende vrae oor "Begin somer":

1. Wat beteken die titel van die gedig letterlik?

Die somer begin; aan die begin van die somer. Figuurlik kan die somer met son en vreugde geassosieer word soos ook uit die gedig blyk.

2. Wat assosieer jy alles met die somer en die see?

Eie keuse. Hitte, son, die see, die reuk van die see, die geluid van branders, sonroom; Kersfees; Nuwejaar; kuier; familie; saameet; braaivleis.

3. Wat beteken die naam onder die titel?

Die gedig word opgedra aan daardie persoon. "vir" - die opdrag.

4. Wie dink jy is Simoné? Motiveer jou antwoord uit die gedig.

In die geval is dit Ingrid Jonker se dogtertjie, Simoné Venter. Ons weet dit uit Ingrid Jonker se biografiese inligting.

- ❖ In die gedig self word die "Kind" aangespreek. r. 11.
- ❖ Daar word verwys na 'n geel emmertjie wat 'n kind se strandspeelding is.
- ❖ Daar word ook verwys na die "bespeel" van die son asof dit 'n musiekinstrument is. "Bespeel" bevat op dubbelsinnige wyse (pun) "spel" wat na speel verwys.

5. Benoem en verduidelik die beeldspraak in r. 1-2.

Metafoor.

- ❖ Die see word vergelyk met 'n oopgebreekte kweper.
- ❖ Die kleur van die kweper is roomkleurig of roomgeel soos wat die see kan voorkom. Dit herinner ook aan die strand en die seesandkleur.
- ❖ Die tekstuur van die kweper is grof wat verband kan hou met die sand of die sagte kabbeling op die seewater.
- ❖ Die gebroke ronderige vorm kan verband hou met die vorm van die baai of die manier waarop die water instroom na die land.
- ❖

6. Benoem en verduidelik die beeldspraak in r. 3-5.

Vergelyking

- ❖ Die lug wat oor die horison lê word vergelyk met 'n kind se ballon wat bokant die water hang.
- ❖ Die ooreenstemmende bloukleur van die lug en 'n ballon is onderliggend aan die beeld.
- ❖ Die ballon is glad en die lug kan wolkloos en glad voorkom.
- ❖ Die ballon as speelding van 'n kind is gepas in hierdie gedig oor die kind.

7. Benoem en verduidelik die beeldspraak in r. 6-7.

Metafoor

- ❖ Die sonsambrele word vergelyk met gestreepte lekkergoed.
- ❖ Sonsambrele het dikwels strepe en kan baie kleurvol wees.
- ❖ Gestreepte lekkergoed is veelkleurig.
- ❖ Die lekkergoed pas by die klein dogtertjie van die gedig.
- ❖ Sluit aan by die wêreld van die kind.

8. Benoem en verduidelik die beeldspraak in r. 8.

Metafoor

- ❖ Die massa mense word met miere vergelyk.
- ❖ Dit sê vir ons daar is baie mense.
- ❖ Die mense kan besig wees en krioel soos miere; beweeg.
- ❖ Die gedig skep die idee van iemand wat uit die lug op die toneel neerkyk en dan lyk die mense so klein soos miere.
- ❖ **m**iere van **m**ens - alliterasie

9. Benoem en verduidelik die beeldspraak in r. 9-10.

Metafoor

- ❖ Die baai word vergelyk met 'n gul lag.
- ❖ Die vorm van die baai lyk soos 'n glimlag.
- ❖ Die water wat op die strand spoel met die goue seesand tussenin kan die voorkoms van goue tande skep.
- ❖ Gul = gulhartig, hartlik, gasvry, vriendelik, verwelkomend.
- ❖ Die beeld dra by tot die beelde van vreugde wat deur die son en somer geskep word - soort gesellige kuier van mense op die strand.
- ❖

10. Beskryf die kind soos ons haar leer ken in r. 11-16?

- ❖ Sy het 'n geel strandemertjie waarmee sy klaarblyklik speel.
- ❖ Haar hare is in een vlegsel gevleg.
- ❖ Haar mond is baie oop.
- ❖ Sy raas en lag baie, want haar mond is soos 'n klokke.
- ❖ Die klokke skep die idee van vrolikheid en musikaliteit.
- ❖ Haar kleintongetjie werk soos die klepel van 'n klokke.
- ❖ Sy bespeel die son die hele dag lank soos wat 'n mens 'n snaarinstrument bespeel.
- ❖ Dit klink asof sy eindelose energie het, want sy speel daglank in die son.
- ❖ Die kind geniet die begin van die somer. Dit staan teenoor die triestige weer van die winter in die Kaap. Juis daarom is die begin of aanvang van die somer gevul met soveel vreugde.

11. Hoe weet jy die kind is 'n dogtertjie? Gee twee redes uit die gedig.

- ❖ Die kind het 'n vlegsel.
- ❖ Die gedig word opgedra aan Simoné wat 'n dogtertjiennaam is en waarskynlik dieselfde kind is as die een wat in die gedig beskryf word.

12. Hierdie gedig is 'n vrye vers. Wat word daarmee bedoel?

Dit beteken daar is geen reëlmatige vorm of patroon waarvolgens die gedig gebou is nie:

- ❖ Geen vaste rympatroon nie
- ❖ Geen vaste strofepatroon nie. (geen strofe het ewe veel versreëls nie)

13. Skryf die rymskema van die gedig neer.

abcdbefehe/giggje

14. Wat word onder halfrym verstaan?

- ❖ Alliterasie - herhaling van die konsonante/medeklinker
- ❖ Assonansie - herhaling van vokale/klinkers

15. Bespreek die halfrym van die gedig. Dui die funksies aan.

- ❖ Selfs die eindrym is eerder halfrym as volrym en meestal assonansie.
- ❖ Alliterasie: "somer en die see" r. 1
- ❖ "miere van mense" r. 8
- ❖ "die gul lag van die baai/ het goue tande" - r. 9, 10
- ❖ "vergete vlegsel" r. 12

- ❖ "klokkie/ kleintongetjie klepeltjie" r. 13, 14
- ❖ Assonansie: "begin som er" r. 1
- ❖ " kind se" r. 3, 4
- ❖ " lag van" r. 9
- ❖ " vergete vlegsel" r. 12
- ❖ "klokkie/ kleintongetjie klepeltjie" r. 13, 14
- ❖ Alhoewel die alliterasie en assonansie sekere woorde in die gedig beklemtoon, dra die klanke by tot die musikaliteit, die ritme van die gedig. Dit sluit aan by die vreugde wat in die gedig uitgebeeld word. Die beklemtoonde woorde versterk die atmosfeer van pret, spel en vreugde.

16. Lewer kommentaar op die leestekengebruik in die gedig.

- ❖ Daar is geen leestekens in die gedig nie.
- ❖ Daar is slegs enkele hoofletters wat duidelik met moontlike sinskonstruksie verband hou.
- ❖ Die gebrek aan leestekens sluit aan by die vryeversvorm van die gedig.
- ❖ Dit dra by tot die tempo/ vloei van die gedig.
- ❖ Dit sluit aan by die speelsheid en vreugde wat in die gedig weergegee word.
- ❖ Die gedig bevat enjambemente in al die reëls wat bydra om die tempo te versnel.
- ❖ Daarmee word die voortgang en duur van die aanhoudende en daglank spel van die kind gesuggereer en beklemtoon.

17. Dui die verkleiningsvorme in die gedig aan. Wat is die funksie daarvan?

- ❖ "emmertjie" r. 11; "klokkie" r. 13, "kleintongetjie" - r. 14; "klepeltjie" - r. 14
- ❖ Die kom voor in die strofe wat oor die kind handel.
- ❖ Die verkleiningsvorm sluit aan by die kinderwêreld en
- ❖ Dit help om die kind uit te beeld.

18. Waarom dink jy word daar van "n vergete vlegsel" gepraat?

Dis dalk moontlik dat die kind baie opgewonde was oor die vleg van die hare of dit dalk nie gevleg wou gehad het nie. Deur al die pret en spel het die kind heeltemal van die vlegsel vergeet. Dit aandag is op die spel en nie meer op die vlegsel nie.

19. Benoem en verduidelik die beeldspraak in r. 13-14.

Metafoor

- ❖ Die kind se mond word met 'n klokkie vergelyk
- ❖ Die metafoor word verder uitgebrei.
- ❖ Die kleintongetjie is soos die klepeltjie van die klokkie.
- ❖ Dit dui op die gejl en geraas terwyl die kind pret het en speel.

20. Benoem en verduidelik die beeldspraak in r. 15-16.

Metafoor

- ❖ Die spel van die kind word vergelyk met iemand wat 'n ukelele speel.
- ❖ Die ukelele word vergelyk met die son.
- ❖ Alhoewel daar gesê word dat die kind die son bespeel (soos 'n musiekinstrument), dui dit ook op die spel van die kind in die son.
- ❖ Die "daglank" dui op die aanhoudende/voortdurende spel - onvermoeid.
- ❖ Dit dui daarop hoe lekker dit vir die kind is om in die son te speel.

21. Sê in een sin waarom die eerste strofe veral gaan.

Die strand vol mense en hulle vreugde word weerspieël deur die kleurvolle beskrywende beelde waarmee die prentjie geteken word.

Fokus op die strand en die mense.

22. Sê in een sin waarom die tweede strofe veral gaan.

Die tweede strofe beskryf die vreugde wat die dogtertjie ervaar deur haar spel op die strand in die son.

23. Lewer kommentaar op die hegtheid en die bindingsmiddele in die gedig.

Die gedig word heg verweef deur die twee prentjies wat in die verskillende strofes geteken word - ook deurdat dit verweef is en met mekaar verband hou. Die lens val eers op al die mense en op die toneel en atmosfeer van die strand. Die lens verskuif daarna en zoom in op die dogtertjie en haar spel as deel van al die bedrywighede van die begin somersdag.

Bindingsmiddele:

- ❖ Groot verskeidenheid beelde wat mekaar direk opvolg.
- ❖ Klankherhaling - rym en halfrym
- ❖ Enjambemente

❖ Herhaling?

24. Wie word in die slotstrofe aangespreek en wat word die soort gedig/strofe genoem?

- ❖ Die kind word aangespreek.
- ❖ Die strofe begin met die woord "Kind" as aanspreekvorm.
- ❖ Die kind word as "jou" aangespreek in r. 13.
- ❖ Die kind word direk as "jy" aangespreek in r 14.

Ons noem dit 'n apostroof. (Die aanspreek van 'n persoon of 'n saak in sy afwesigheid.)

25. Wys al die werkwoorde in die gedig uit. Lewer kommentaar daarop.

"het" - r. 10

"is" - r. 13

"bespeel" - r. 15

Die eerste gedeelte van die gedig bestaan uit blote beskrywende frase wat die impressie/ indruk skep van die dag.

Die staccato-sinne skep die illusie van flitse/ direkte prentjies waarmee die atmosfeer en die ruimte uitgebeeld word.

Dit sluit aan by die soort kinderspel en die hoofkarakter van die gedig.

26. Wat dink jy van die gedig. Motiveer jou antwoord deeglik vanuit die gedig.

Besoeker - Ernst van Heerden

1. Uit die TV-skerm het hy uitgespring,
2. 'n Marsman
3. of in elk geval bewoner van 'n ander planeet
4. nou op huisbesoek by ons.

5. Sy aksent is - wel Marsiaans,
6. maar tog met verstellings in ons ore
7. heel verstaanbaar.

8. Ons het uit wans uit besluit:
9. as hy wil bly, moet hy
10. by ons roetines en kodes inval
11. waarmee hy (skynbaar) akkoord gaan.

12. Hy is sku
13. vir familietwiste;
14. hy ry graag fiets
15. en treiter honde en kanaries;

16. sy geografiese kennis is indrukwekkend,
17. veral van berge, rivierkronkels, woestyne;
18. maar eiers moet jy van hom weghou,
19. spinnekopppe en seilende goed,
20. terwyl babas hom verleë maak.

21. Soms in die middel van die nag
22. hoor ons hom skater
23. (of is dit sý soort huil?)

24. Dalk het hy 'n ekstra kombes nodig,
25. ten minste 'n bedmaat.

Die karakter het uit die TV gekom, wat nie letterlik moontlik is nie. Dis verder 'n karakter wat deur die spreker in die vers bewonder word [r. 3]. Dit is dus nie 'n werklike karakter nie, maar 'n karakter wat deur die spreker in sy/haar verbeeldingswêreld bestaan. Die spreker dui aan dat die karakter vreemd praat, maar tog wel verstaanbaar as 'n mens self die verstellings in jou ore maak. Dit lyk dus veral asof die spreker goed met die karakter oor die weg kom. Al is die

karakter van 'n ander planeet, dus 'n vreemde soort wese, hou hy/sy van dinge wat mense mee kan identifiseer. Verder wil dit voorkom asof die dinge waarvan die Marsman, of karakter van die ander planeet, hou veel meer van die soort dinge is waarvan jong seuns kan hou - soos fietsry en om die honde of kanarie te terg en probleme te gee. Die belangstelling in die aardrykskunde sluit aan by sy koms na die aarde - half ondersoekend. Baie seggend/impliserend/suggestief word die dinge waarvan jy die Marsman moet weghou, opgenoem: eiers, spinnekoppe en seilende goed (verwys waarskynlik saam met spinnekoppe hier na slange) en die Marsman is nie baie gemaklik met babas nie. Dit herinner 'n mens weer eens aan 'n tipiese interessante seunskarakter (kleuter) wat hom Marsmanne sal verbeel.

Die Marsman/ander karakter, bewoner van 'n ander planeet, is egter nie heeltemal tuis nie. Hy tree snags vreemd op en lag of dalk. Omdat hy vreemd en effe onverstaanbaar is, kan dit selfs huil wees. Verder het hy dalk 'n ekstra kombens of bedmaat nodig. Dit kan daarop dui dat hy snags bang en alleen is.

Al hierdie inligting skep die idee dat ons met 'n soort seunspreker te doen het wat identifiseer met 'n verbeeldingskarakter en van sy eie vrese, alleenhede en voorkeure projekteer op die verbeeldingskarakter.

Woordeskat:

bewonder	sku
huisbesoek	familietwiste
aksent	treiter
verstellings	kanaries
wans	indrukwekkend
kodes	rivierkronkels
akkoord gaan	skater

Ontsluitingsvrae:

1. Wat is 'n besoeker?
2. Watter ander woord in strofe 1 hou met die titel verband?
3. Watter woord word in die eerste reël herhaal? Hoekom?
4. Hoekom staan daar net twee woorde in reël 2?
5. Waarop dui die "of" in reël 3?
6. Is die karakter waarvan hier gepraat word manlik of vroulik? Hoekom?
7. Het jy al 'n karakter gesien wat uit 'n TV-skerm spring?
8. Wat dink jy beteken dit dat hierdie karakter uit die TV-skerm spring?
9. Watter taal praat die karakter?
10. Verstaan die spreker in die gedig die taal? Motiveer jou antwoord.

11. Wat is daar oor die karakter besluit volgens strofe 3?
12. Stem die karakter saam met die huismense se besluit? Motiveer.
13. Wat noem 'n mens dit as 'n woord so tussen hakies staan soos skynbaar in reël 11? Hoekom word die woord so geskryf?
14. Waarvan hou die Marsman nie? Wat lei jy daaruit af oor hom?
15. Waarvan hou die Marsman wel volgens strofe 4? Hou jy daarvan en wat dink jy daarvan?
16. Dit lyk wel of die Marsman oor sekere sake 'n besondere kennis het. Wat is dit alles?
17. Daar is ook verskillende dinge waarvan jy die Marsman moet weghou. Noem die dinge en gee moontlike redes waarom jy die Marsman daarvan moet weghou.
18. Wat maak die Marsman verleë? Gee moontlike redes.
19. Wat doen die Marsman soms snags?
20. Waarom word reël 23 tussen hakies geplaas?
21. Wat kan die reël beteken?
22. Wat dink die spreker het die Marsman dalk nodig?
23. Waarom het 'n mens die twee dinge nodig?

ANTWOORDVOORSTELLE:

1. Wat is 'n besoeker?

Dis iemand wat kom kuier, nie daar bly nie, nie sy huis nie, tydelik, soms.

2. Watter ander woord in strofe 1 hou met die titel verband?

"huisbesoek" Iemand wat jou by jou huis kom besoek, by jou huis by jou kom kuier.

3. Watter woord word in die eerste reël herhaal? Hoekom?

"uit" Dit beklemtoon die uitspringaksie. Dit help ons om te weet dis iets wat nie werklik gebeur nie. Dit laat ons besef dat die karakter deel van ons verbeeldingswêreld word. Ook inversie in die reël wat uitspringaksie nog meer beklemtoon; selfs komies; ongelooflik en verbeeldingryk maak. Die woord "uit" word verder beklemtoon omdat die reël daarmee begin en die slotwoord ook daarmee begin.

4. Hoekom staan daar net twee woorde in reël 2?

Die plaas klem op die woorde. Eerste strofe inversie; uitsteltegniek. Verrassing en maak die Marsman belangrik in die gedig.

5. Waarop dui die "of" in reël 3?

Dit dui op 'n alternatief/ ander moontlikheid. Dit wys dat dit ook net 'n vreemde karakter kan wees wat wel van 'n ander planeet kom - nie iemand van hierdie planeet nie. So 'n verbeeldingskarakter kom woon by die "ons" in die huis.

6. Is die karakter waarvan hier gepraat word manlik of vroulik? Hoekom?
Manlik. Reeds in reël 1 word van "hy" gepraat. Verder is dit immers "n Mars **MAN**.

7. Het jy al 'n karakter gesien wat uit 'n TV-skerm spring?
Nee, nie regtig nie.

8. Wat dink jy beteken dit dat hierdie karakter uit die TV-skerm spring?
Dis 'n verbeeldingskarakter wat die kyker so aangryp en inspireer dat dit deel van sy wêreld word.

9. Watter taal praat die karakter?
Marsiaans - afgelei van die woord Mars.

10. Verstaan die spreker in die gedig die taal? Motiveer jou antwoord.
Ja, die spreker verstaan dit, al moet hy sy ore so bietjie verstel. Dit dui ook weer op die verbeeldingswêreld van die spreker. Hy gebruik ook die woorde "heel verstaanbaar".

11. Wat is daar oor die karakter besluit volgens strofe 3?
Die karakter moet aanpas by die roetine/ patrone/ gebruike in die huis en ook hulle kodes - hoe hulle praat en dinge doen.

12. Stem die karakter saam met die huismense se besluit? Motiveer.
Dit lyk asof hy akkoord gaan wat saamstem en instem beteken.

13. Wat noem 'n mens dit as 'n woord so tussen hakies staan soos *skynbaar* in reël 11? Hoekom word die woord so geskryf?
Parentese. Dis 'n uitbreiding of verduideliking. Hier maak dit die Marsman se saamstem effe tentatief, onseker. Dalk is dit nie altyd so nie of dalk is hulle nie altyd doodseker dat die Marsman wel aanpas, inpas en saamstem nie.

14. Waarvan hou die Marsman nie? Wat lei jy daaruit af oor hom?
Hy hou nie daarvan as die familie/ hier gesin - baklei nie. Dis nie 'n aggressiewe Marsman nie. Hy is eerder vreedsaam en hy hou nie van konflik nie.

15. Waarvan hou die Marsman wel volgens strofe 4? Hou jy daarvan en wat dink jy daarvan?

Hy hou van fietsry.

Hy hou daarvan om die honde en kanaries te terg, treiter, 'n lewe te lei.

16. Dit lyk wel of die Marsman oor sekere sake 'n besondere kennis het. Wat is dit alles?

Geografie

Berge, rivierkronkels, woestyne

Die vorm van die aarde fassineer hom; gryp sy verbeelding aan. .

17. Daar is ook verskillende dinge waarvan jy die Marsman moet weghou. Noem die dinge en gee moontlike redes waarom jy die Marsman daarvan moet weghou.

Eiers - hy kan hulle dalk maklik laat breek omdat hulle so breekbaar is

Spinnekoppe - dalk hou hy daarvan om ander daarmee bang te maak;

Seilende goed - slange, want dit fassineer hom.

Tipiese seun. Hy is verleë oor die onskadelike baba, maar nie bang vir spinnekoppe en slange nie.

18. Wat maak die Marsman verleë? Gee moontlike redes.

Babas

Die babas kan nie lekker praat of speel nie en ook nie fietsry of met spinnekoppe speel nie.

19. Wat doen die Marsman soms snags?

Die Marsman lag in die middel van die nag.

20. Waarom word reël 23 tussen hakies geplaas?

Dit gee 'n verdere verduideliking; Dit beklemtoon die reël; parentese.

21. Wat kan die reël beteken?

Alternatief van die betekenis van lag; soms lag mense terwyl hulle eintlik diep binne bang is; ander moontlikheid omdat hy 'n vreemde wese is. Die Marsman kan in sy slaap lag as deel van 'n nagmerrie en huil dalk later weer.

22. Wat dink die spreker het die Marsman dalk nodig?

Dalk het hy 'n kombersie of 'n bedmaat nodig.

23. Waarom het 'n mens die twee dinge nodig?

Komersie omdat jy koud kry of troos soek.

Bedmaat omdat jy bang en alleen voel.

MOONTLIKE LESAANPAK:

1. Voer klasgesprek/groepwerk oor 'n sprokieskarakter waarvan die leerders hou. Dit kan ook karakters soos Tarzan, Superman, Winnie the Pooh wees, maar dit moenie werklike mens of helde wees nie.
2. Bring 'n prentjie van 'n Marsman klas toe. OF Laat die kinders vir jou hulle weergawe van 'n Marsman teken.
3. Julle kan praat oor die planne om mense op Mars te laat bly. Hoe dink hulle daaroor. Sou hulle wou gaan. Bestaan daar Marsmanne of buiteruimtelike wesens. Hang af van hoeveel tyd. [Langenhoven se ruimtekarakter, Loeloeraai, is soos 'n soort ET. Besondere boek om te lees. Vertel hulle daarvan vir leeslys.] Praat oor ET en die rolprent.
4. Kan klas toe bring: Eiers, fietsprent, honde en kanaries, aardbol, kronkelende riviere, berge en woestyne, spinnekop en slang!prente. Kombers. Leerders kan assosiasies daarmee bespreek. Deel dit vir groepe uit met spesifieke vrae oor dit wat die groep kry. Terugvoer.
5. Doen woordeskat.
6. Nou eers word die gedig gelees. Kan bietjie verduidelik as jy wil.
7. Leerders beantwoord nou die vrae. Dit kan ook groepwerk wees as jy vrae wil verdeel volgens die strofes.